Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2020-12-01

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN DESEMBER 2020

VAKANSIE/DANKIE - MNR GERICKE

2020! Voorwaar 'n wonderlike skooljaar vir Laerskool Elspark ondanks COVID 19!

As skoolhoof is ek opreg dankbaar vir 'n pragtige ouergemeenskap met oulike en goed opgevoede kinders en 'n bekwame personeel. Dankie aan u almal wat 'n rol gespeel het om van hierdie skool die allerbeste skool te maak.

Graag bid ek u toe 'n aangename vakansie, 'n wonderlike Kersfees en 'n voorspoedige 2021. Mag al u drome bewaarheid word. Gebruik hierdie tyd saam met u gesin om weer nader aan u Skepper te leef.

Totsiens

Ons neem ook afskeid van ons Gr 7 ouers en kinders. Baie dankie vir 7 jaar en meer se betrokkenheid en ondersteuning. Ons wens u sterkte toe vir die volgende fase wat op u kind wag, mag dit 'n vreugdevolle en gelukkige ervaring vir almal wees!

NASKOOL – ME McKENZIE

Die naskoolsentrum sluit vir vakansie op 11 Desember en heropen weer 11 Januarie 2021.

Geen etes word by die naskool voorsien nie. Stuur asb. eetgoedjies vir u kind vir die dag. Die naskoolsnoepie sal wel oop wees deur die dag.

Alle speelgoed word op eie risiko saamgebring. Naskoolsentrum sluit stiptelik 17:30 in die middae. Wees asb. betyds. Alle agterstallige naskoolgelde moet op 1 Desember betaal wees.

AKADEMIE – MNR DENNER

Program tot 15 Desember 2020

Die akademiese program vir die leerlinge is as volg:

- Gr 1 – 6 se akademiese program sluit op Woensdag, 2 Desember 2020.
- Gr 7 se akademiese program sluit op Donderdag, 3 Desember 2020.
- Leerlinge wat wel vanaf Vrydag, 4 Desember opdaag vir skool, sal nie 'n akademiese program volg nie, maar sal in 'n toesigklas geplaas word.

Rapporte

- Gr 1 tot 3 en die LSEN leerlinge ontvang hulle rapporte op Donderdag, 10 Desember vanaf 07:00 tot 08:00.
- Gr 4 tot 7 leerlinge ontvang hulle rapporte op Vrydag, 11 Desember vanaf 07:00 tot 08:00

Die rapporte word nie in die registerklas afgehaal nie, maar met 'n "deurry proses" in Ravenstraat.

Akademie 2021

- Ons beplanning vir die akademiese program vir 2021 sien soos volg daarna uit:
- Ons gaan voort met die program soos ons dit huidiglik doen in 2021 tot verdere kennisgewing.
- Die Departement sal ons in kennis stel indien daar veranderinge plaasvind.

Reëlings vir die eerste skoolweek 2021

Alle reëlings rondom die eerste skoolweek asook die skryfbehoeftelys vir 2021 sal saam met die Rapporte uitgedeel word.

AANLYNSKOOL – ME BRITZ

Graag wil ons 'n aanlyn onderrig opname maak met die oog op 2021 se beplanning.

Indien 'n leerling 'n komorbiditeit het, kan daar aansoek gedoen word vir aanlyn onderrig in 2021. Stuur asb. 'n skriftelike versoek/aansoek na Me Britz (zinetta@elsies.co.za) voor 12:00 op Donderdag, 3 Desember 2020.

ALGEMENE JAARVERGADERING – MNR GERICKE

Baie dankie aan ons ouers wat die jaarvergadering bygewoon het op Maandag, 12 November. Die volgende is goedgekeur tydens die vergadering:

- Jaarverslag 2020
- Ouditstate 2019
- Skoolgeld 2021
- Norme vir subsidie 2021
- Addisionele vergoeding
- Begroting 2021

SKOOLGELDBETALING 2021				
ITEM		**BEDRAG PER MAAND**	**BETALINGSTYDPERK**	**BEDRAG VIR 2021**
1	**Skoolgeld vir enkelkind**	**1 440**	**12 Maande**	**17 280**
2	**Skoolgeld vir tweede kind**	**1 440 (2 880)**	**12 Maande**	**17 280**
3	**Skoolgeld vir derde kind**	**577 (3 457)**	**12 Maande**	**6 924**

Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se skoolgeld moet betaal word op die eerste skooldag van 2021.				
Indien volle skoolgeld vir 2021 voor of op 31 Mrt betaal is, sal een maand se skoolgeld as korting aan die ouer toegestaan word. (Indien geen betaling tot 31 Mrt gemaak word nie, moet 'n skriftelike reëling met die skoolhoof getref word)				
4	Naskoolgeld per kind	1 000	11 Maande	11 000
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se geld moet betaal word op die eerste skooldag van 2021. Geen subsidie word toegestaan nie.				
5	Kleuterskoolgeld per kind	1 560	12 Maande	18 720
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se geld moet betaal word op die eerste skooldag van 2021. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool				

SKOOLGELDE VIR 2020 – MNR GERICKE

Uitstaande gelde!!!

Daar is ouers wat heelwat agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde is reeds betaalbaar en word nou oorhandig. Kontak asb. Me Fourie om 'n reëling te tref om gelde op datum te bring.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360
Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark Ceebee Debt Collectors gebruik om al die oorhandigings te hanteer. Dringende betaling word verlang op agterstallige rekeninge om oorhandiging te vermy.

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Faks asb. bewys van betaling met uiteensetting ten opsigte van betaling na (011) 916-1963. Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

BELONINGSPLEGTIGHEID 2020 – MNR MULLER

Die jaarlikse Beloningsplegtigheid vind plaas in die skoolsaal. Hier volg belangrike inligting:

PROGRAM:

	Maandag, 7 Desember 2020
LSEN (JNR)	08:00-09:00
Graad 1	09:00-10:15
Graad 2	10:15-11:30
Graad 3	11:30-12:30
	Dinsdag, 8 Desember 2020
Graad 4	08:30-09:45
Graad 5	10:00-11:15
Graad 6	11:30-12:45
	Woensdag, 9 Desember 2020
LSEN (SNR)	08:00-08:45
Graad 7	09:00-10:15

AS GEVOLG VAN COVID-19 SAL DAAR NET TWEE (2) SITPLEKKE VIR ELKE LEERLING SE OUERS / VOOGDE BESKIKBAAR WEES. DAAR SAL 'n DIREKTE UITSENDING WEES OP "YOU TUBE" WAAR FAMILIE EN VRIENDE DIE GELEENTHEID OOK KAN KYK.

Gaan op 'Youtube' en voeg die volgende URL skakel in:

https://www.youtube.com/channel/UC28gjQlf7KyscCSZs-IvbCQ

PROTOKOLLE VIR ELKE DAG:

- Ouers / voogde parkeer op die skool se rugbyveld en beweeg na die saal waar u geskandeer word.
- Die rugbyveld gaan die enigste ingang wees na die skoolsaal.
- Ouers moet ten alle tye 'n masker dra. (Verpligtend).
- Hou asseblief ten alle tye sosiale afstand.
- Ouers kan hul kinders na afloop van die Beloningsplegtigheid huis toe neem.

E-LEARNING – ME BRITZ

Soos u reeds weet het Covid 19 ons net nog meer afhanklik van tegnologie gemaak en E-learning by Laerskool Elspark speel 'n belangrike rol in u kind se akademie.

Ons is gelukkig in die bevoorregte posisie om soveel meer vir u kind te bied op die gebied van aanlyn onderrig, gebruik van WiFi en 'n span toegewyde onderwysers.

Daarom doen ons 'n beroep op u as ouer om asseblief voorsiening te maak vir die aankoop van 'n goeie gehalte tablet. Om 'n tablet te hê in Gr4-7 is 'n noodsaaklikheid en graag wil ek ons graad 3 ouers van 2020 aanmoedig om solank uit te kyk vir 'n tablet wat u kind in 2021 kan gebruik in graad 4.

Ons besef dat 'n tablet kan breek en moet dan ingestuur word vir herstelwerk. Ons vra dat dit so vinnig moontlik sal geskied. Maak asb gebruik van vakansies om hierdie tablette te herstel en op te gradeer omdat dit so 'n belangrike rol speel in ons leerlinge se leer en presteer.

Maak ook asseblief seker dat u, u nuutste epos adres vir die kantoor stuur indien hulle dit nie het nie. Dit maak kommunikasie net soveel makliker. Die personeel se epos adresse is op ons webtuiste beskikbaar indien u iemand wil kontak.

Tablet spesifikasies:

10.1-inch FHD display
2GB RAM
16/32GB ROM
Android 8
5100mAh battery
Micro SD 256GB
Omhulsel

ATLETIEK 2021 – ME NOVELLIE

Oefen, oefen en oefen die vakansie! Volgende jaar se atletiekseisoen is vinnig op ons.

Daar gaan moontlik uitdunne wees op die eerste dag wat die skool begin, so kinders moet gemaklike oefendrag saambring. Kinders moet sover moontlik fiks bly en hard oefen gedurende die lang vakansie.

Interlaer COVID spesifikasies soos voorgeskryf deur die Departement:

- Slegs 1 atleet per ouderdomsgroep per item vir naellope en hekkies.
- Slegs 2 atlete per item per ouderdomsgroep vir velditems.
- Slegs 2 atlete vir langafstande.
- Geen aflosse
- Geen toeskouers
- Geen Pom-Poms

NB! Bogenoemde is onderhewig aan verandering.

Byeenkomste

9 Februarie	by President Steyn
15 Februarie	Interlaer te Boksburg Stadion

OPVOEDING - ME GROBLER

Die feestyd is 'n tyd om te belê in mekaar se lewens. 'n Tyd om mekaar te waardeer en lief te hê! 'n Tyd om seker te maak dat kinders nooit die ware betekenis van Kersfees vergeet nie. 'n Tyd om Kersfees 'n ware Christusfees te maak!

DANKBAARHEID

- Dankie aan ons Almagtige God wat elke dag Sy genade en liefde aan ons toon.
- Laerskool Elspark bring lof, eer en dank aan ons Skepper wat ons skool se kinders, ouers en personeel behoed en bewaar het in 2020 tydens die Covid-19 Pandemie. Dankbaarheid dat ons skool so normaal as moontlik kon funksioneer.
- Dankie ouers, personeel en kinders dat jul positief gebly het ondanks die abnormale omstandighede.

LUKAS 1:30-33

Die engel sê toe vir haar: "Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
www.laerskoolelspark.co.za